

Les 4

Teks Johannes 2: 1 - 25

1. Inleiding

Ons begin hoofstuk 3 by Christus se publieke bediening. Dit sterk tot in met hoofstuk 12:50. En hierdie gedeelte van die Johannes evangelie word gewoonlik die boek van wonders genoem. Terwyl die oorblywende hoofstukke die boek van glorie genoem word. Ons kyk vervolg na die bruilof te Kana en die Reiniging van die Tempel

2. Jesus verander die water in wyn

Hierdie is een van die mees kontroversiële wonderwerke wat Christus doen. Dit begin al op 'n manier by die geheime aard van hierdie wonder in kontras met die ander se publieke aard. Maar dan is dit veral die feit dat Jesus water in wyn verander. En dit is hier waar koppe gestamp word. Want dit is dan hier waar die geheel onthouers nie kan aanvaar dat die Here 'n drankie wat alkohol bevat gemaak het nie. Daarom die volgende argument.

Dat Jesus eintlik vars druiwesap gemaak het. Dat daar nog nie tyd was vir die druiwesap om te fermenteer nie, want Jesus het dit dan nou net gemaak. Daarom kan dit dan nie alkohol bevat nie. Maar dit sou wees om nie rekening te hou met die bonatuurlike wat juis die basies vir 'n wonderwerk is. Dit is die dieselfde probleem wat 'n mens ervaar as jy dit verstaan as die verdunning van reeds bestaande wyn.

Die ander probleem met 'n verklaring soos hierbo, is dit wat letterlik in die teks staan. Die griekse woord οἶνος (*oinos*) word gebruik om na hierdie drankie wat Christus maak te verwys. Dit is presies dieselfde woord as wat in Effesiërs 5:18 gebruik word, wanneer teen drank misbruik gewaarsku word. Dus kon mense dronk word van die produk van hierdie wonderwerk van Christus.

3. Die reiniging van die Tempel

Die tweede probleem wat ons aantref hier in die tweedehoofstuk is die reiniging van die tempel. In al die ander evangelies word die reiniging van die Tempel in die laaste week van Christus se bediening wat op loop tot Sy Kruisiging geplaas (Vgl Matt 21: 12 - 17; Markus 11: 15 - 18; Lukas 19: 45 - 46). Daar is drie verduidelikings. Dit is as volg:

1. Die drie sinoptiese evangelies het dit reg en Johannes maak 'n fout.

Die meeste akademici huldig hierdie standpunt, dat Johannes die reiniging van die tempel vroër skuif, want Johannes sien die tempelreiniging as 'n besondere profetiese aksie waarop die res van Jesus se bediening dan voortbou. Dit is dus nie soseer 'n fout of 'n verdraaiing nie. Dit is eerder die feit dat die materiaal in die Johannes evangelie tematies en nie chronologies gerangskik is.

2. Dat die Johannes evangelie dit korrek gehad het en die ander evangelies fout gemaak het

Hierdie siening is eintlik baie ongewild en daarom word daar nie veel hieroor geskryf nie. Dit is moeilik om inligting oor hierdie denkrigting te kry.

3. En dat daar twee reinigingsgeleenthede vir die tempel was.

Aanvanklik is daar baie kritiek teen enigeiets wat oor gedoen moet word in die Bybel. Daarom is daar teologiese weerstand teen hierdie siening. Maar daar is baie verklaarders wat rustigheid het dat Jesus aanvanklik die tempel gereinig het. Dit het tydens 'n pasga gebeur. Maar Hy sou dan weer die tempel kom reinig in die finale week voor Sy kruisiging.

4. Teksverwysings

1. Matteus 21: 12 - 17;
2. Markus 11: 15 - 18;
3. Lukas 19: 45 - 46

5. Vrae

1. Wat dink jy oor die bybel en alkohol gebruik, veral in verband met die wonderwerk by die bruilof in Kana?
2. Waarom sou Jesus wel wyn gemaak het?
3. Hoe vergelyk hierdie wonderwerk met vandag se wonderwerk pastore?
4. Watter effek sou 'n dubbel tempelreiniging nodig hê?
5. Watter praktiese implikasie hoe ons oor van die tempel reiniging?

6. Bron

1. Carson, D. A. (1991). *The Gospel according to John* (p. 176). Leicester, England; Grand Rapids, MI: Inter-Varsity Press; W.B. Eerdmans.